

Die Hoëpriesterlike gebed!

Jesus bid vir ons

Maandag 16 Mei 2022

Joh 17:9

“Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.”

Johannes 17 word dikwels die Hoëpriesterlike gebed genoem. Dit is spesifiek so omdat Jesus hier in besonder vir sy dissipels en vir alle gelowiges bid. Jesus doen voorbidding vir al sy volgelinge. Jesus sê hier in vers 9 dat Hy bid in die eerste plek vir sy dissipels. Maar Hy bid ook vir almal wat God aan Sy sorg toevertrou het.

So in die eerste plek bid Jesus vir ons as sy kerk. Hy het sy lewe vir ons afgelê. Ons as kerk, as gelowiges behoort aan Hom. Daarom bid Hy vir ons dat God ons sal bewaar. Daarom is dit ook so belangrik dat ons in navolging van Christus moet voorbidding doen vir die kerk van die Here.

Jesus bid ook persoonlik vir jou. Ja Hy het sy lewe vir jou wat glo afgelê. Hy ken jou. Die Here sê dat Hy jou ken. **Jes 43:1.** “...Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. ...” Daarom bid Jesus ook vir jou persoonlik gebid. Want Hy ken elkeen van ons persoonlik. Ons lees in **Joh 17:10** dat “...Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort behoort aan my; en Ek word deur hulle verheerlik...” Jesus Christus bid vir jou.

Ons moet daarom ook vir mekaar bid. Dit is God se bedoeling dat ons vir mekaar sal bid. Bid vir jou man of vrou. Bid vir jou kinders. Bid vir jou familie. Bid vir die kerk. Bid vir jou medeskoliere, medewerkers. Bid vir die land. Bid vir die owerheid. Miskien sal jy nou sê, ek kan nie goed bid nie, ek weet nie hoe nie. Maar ons lees ook in **Rom 8:26** “Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.”

Die Heilige Gees bid vir ons. Hoe bevoorreg is ons nie. Ons weet nie reg hoe en waarvoor ons moet bid nie. Ons weet nie altyd hoe om te bid nie. Maar nou is God in sy Almagtige Drie-eenheid by ons betrokke.

- Die Vader het ons op ons naam geroep, elkeen van ons persoonlik.
- Die Seun bid vir ons in die Hoëpriesterlike gebed.
- Die Seun bid vir ons ook in die hemel.
- Die Heilige Gees self pleit vir elkeen van ons.

Kom ons bid in dankbaarheid elke dag sonder ophou.

- Ons loof en prys God.
- Ons dank God vir sy genade aan ons.
- Ons doen voorbidding omdat God ons ook in staat stel daartoe.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com